*Scriptura 88 (2005), pp. 223-224*

# *Face of the Deep: A Theology of Becoming*

Deur Catherine Keller

Uitgewer: London: Routledge
Datum: 2003
Prys: Onbekend

Resensie deur L Juliana M Claassens
Baptist Theological Seminary, Richmond, Virginia, VSA
en Universiteit Stellenbosch

Catherine Keller se nuutste boek *Face of the Deep: A Theology of Becoming* (London: Routledge, 2003) is 'n interessante kombinasie van konstruktiewe sistematiese teologie, post-strukturalisme, feminisme, en chaos-teorie. *Face of the Deep* is ten diepste 'n intertekstuele projek waarin Keller op kreatiewe wyse in gesprek tree met die Bybelse tekste aangaande die skeppingsleer, Christen en Joodse tradisie, filosowe soos Jacques Derrida en Mikhail Bakhtin, bevrydings en femistiese teoloë en selfs Melville se Moby Dick.

Die dogma waaroor Keller nadink in *Face of the Deep* is niks anders as die teologiese konstruk van *creatio ex nihilio*, oftewel die oeroue idee dat God uit niks geskep het nie. Daarmee saam identifiseer sy die eg menslike vrees vir die chaos (tehomaphobia) – dit wil sê dit wat die orde versteur en bedreig.

Keller toon aan hoe hierdie dogma met sy inherente ontkenning van die chaos deur die eeue ontwikkel het. 'n Mens sien veral hoe die kerkvaders soos Ireneaus en Athanasius bydra tot hierdie dogma in 'n poging om God se almagtigheid en eenheid te beskerm teen die gnostiese alternatiewe. In Barth vind 'n mens weer hoe die chaos, oftewel *Das Nichtige,* totaal gedemoniseer word. Keller wys hoe hierdie intensifisering van die Chaoskampf verstaan moet word in die lig van Barth se eie anti-Facistiese worsteling met die chaos wat die Nazi's in Duitsland ingebring het. Keller se beskrywing van die verskillende sienswyses aangaande *creatio ex nihilio* is 'n goeie herinnering van hoe 'n persoon se teologiese perspektiewe altyd bepaal word deur sy/haar konteks.

*Face of the Deep* ondersoek voorts die Bybelse tekste oor die skepping. Keller wys hoe Gen 1:2 'n verleentheid vir mense was, hoe dit hulle deur die eeue verwar en beslis aan die dink gehou het. Want as God dan uit niks geskep het nie, wat maak 'n mens met die aarde wat in die begin as *tohu webohu* ("woes en leeg" in die OAV-vertaling) beskryf word. Dit blyk dat verskeie Bybelse tekste iets van die oerchaos herken. Soos in heelparty Ou Nabye Oosterse tekste, funksioneer God in Jesaja 27:1 (ook Jes 51:9-10) as die magtige kryger wat die Leviatan (die seemonster wat al Israel se vrese vir die chaos verteenwoordig) se kop inslaan. Maar dan sien 'n mens weer 'n teks soos Psalm 104:26 dat God die Leviatan nie net geskep het en voed nie, maar selfs met hom speel. Soos Jon Levenson se pragtige metafoor getuig: die Leviatan word uitgebeeld as God se speelgoedeendjie in die groot oseaanbad (Keller, 27).

Veral in Job 38-40 word 'n alternatiewe visie van die skepping gebied waarbinne die chaos van die waters en die monsters aangebied word as 'n sogenaamde "carnival of

creation" (Keller, 139). In plaas van vrees of fobie vir die chaos, word die leser uitgenooi om iets van die vreugde en geheimenis van die wêreld in al sy kompleksiteit te sien.

In 'n verdere hoofstuk, lees Keller die klassieke Noord-Amerikaanse verhaal, *Moby Dick* (Herman Melville) as 'n moderne "midrash" op die boek Job wat volgens haar weer 'n "internal midrash" van Genesis 1 is. *Moby Dick* bied interessante perspektiewe op die verhouding van die mens met sy (haar –hoewel *Moby Dick* slegs manlike karakters bevat) omgewing, en veral met die "monster" wat vrees inboesem (walvis, oftewel die Leviatan in Job). Heel interessant identifiseer Keller temas van ras en geslag in terme van die "ander" wat 'n sentrale tema in die boek is.

Op hierdie punt het ek 'n paar vraagtekens agter Keller se gebruik van die term "midrash" geplaas. Keller maak sterk gebruik van Daniel Boyarin se werk oor midrash as intertekstualiteit. Hoewel daar heelwat raakpunte is tussen "midrash" as interpretasie-metode en die post-strukturalistiese leesstrategie van intertekstualiteit is dit problematies om 'n interteks (soos die verband tussen Genesis 1 en Job en Job en *Moby Dick*) in terme van "midrash" te benoem. Rabbynse interpreteerders soos Addison Wright wys op die gevaar om 'n te breë definisie aan midrash te gee waarvolgens enige ding onder die son dan "midrash" word, en die term midrash soendoende sy betekenis verloor (Wright, *The Literary Genere Midrash*, 21, 42-45).

Na my mening is dit selfs moeiliker om te argumenteer dat Job intensioneel reageer op Genesis 1. Dit is wel so dat die verskillende Bybelse tekste met die skeppingstradisies in gesprek tree en kreatief aanpas vir die bepaalde tydvak. Maar om 'n interne "midrash" in die styl van die Joodse interpretasietradisie te bepaal, is bykans onmoontlik. Wat wel waar is, is dat die leser (soos geïllustreer deur Keller) verbande trek tussen tekste wat verrykende nuwe insigte mag meebring.

In die laaste deel van *Face of the Deep* bied Keller 'n alternatief vir die tradisionele dogma van *creatio ex nihilo*. Op konstruktiewe wyse ontwikkel sy die *creatio ex profundis*, waarvolgens God uit die chaos skep. Chaos en skepping funksioneer nie meer in liniêre tydsterme nie, maar vind plaas daar waar God opnuut weer skep vanuit die chaos. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is waar die skrywer van Genesis 1 (wat tipies verstaan word as P), na die chaos van die ballingskap die skeppingsverhaal skryf om iets nuuts aan sy medelandgenote te bied.

Die teologie van die tehom ("the deep") of wat sy ook noem "a theology of becoming", funksioneer vir Keller as 'n simbool vir die post-strukturalisme se waardering vir meerdere interpretasiemoontlikhede teenoor die ortodoksie se soeke na die een ware, oorspronklike betekenis. Sy beskryf die waarde van hierdie tipe teologie soos volg: "For it would articulate a faith with which to face uncertainty, not a knowledge with which to eliminate it" (Keller, 203). En in die hernude waardering vir die chaos sit iets van 'n nuwe kyk na die ander in ons lewens wat dreig om die status quo te versteur: die ander wat van 'n ander geslag, ras en seksuele orientasie is as die sisteem. Soos sy vra: "Might we begin to 'discover beauty in shadows'?" (Keller 212).

*Face of the Deep* is 'n uitstekende boek wat die leser intrek en uitnooi om anders na een van die mees tradisionele dogmas van die kerk te kyk. Met haar poëtiese skryfstyl en slim woordspelings, moedig Keller die leser aan om te verstaan dat teologie nie maar 'n abstrakte denkoefening is nie, maar implikasies het vir hoe ons dink oor God en die ander met wie ons die skepping deel. Hoewel Keller se lees van die *creatio ex nihilo* dogma sekerlik nie onaanvegbaar is nie, breek *Face of the Deep* op 'n uitdagende en kreatiewe manier nuwe moontlikhede oop in die nadenke oor God se relasie tot die skepping.